

Luisterbegrip

Deur: Marié Jacobs (St Mary's School, Waverley)

Instruksies vir die onderwyser:

- Lees die artikel teen 'n stadige tempo aan die leerders voor. Die leerders luister om 'n geheelbeeld te kry.
- Lees die leesstuk nou vir 'n tweede keer aan die leerders voor. Die leerder mag nou notas maak terwyl jy lees.
- Lees die vrae nou afsonderlik aan die leerders voor. Leerders mag vra dat die vraag weer ge lees word.
- Gun die leerders addisionele tyd om die vrae te beantwoord en te voltooi.

Luisterbegrip 1 – Graad 10 (Eerste Addisionele Taal)

Vlerke vir almal deur Marion Erskine: 'n onderhoud

Marion Erskine gesels met Daleen Venter oor die inspirasie agter *Vlerke vir almal* en die gewilde Facebook-groep, die *Lekkerlees Boekrak*.

1. Kan jy vir die lesers 'n bietjie agtergrond oor die verhaal en die karakters gee? Wat was jou inspirasie toe jy hierdie boek geskryf het?

In 2011 het ek op 'n video afgekom van Amanda Todd, 'n vyftienjarige Kanadese meisie wat haar storie oor 'n boelie vertel. Sy vertel hoe een dom besluit haar lewe verwoes het. Amanda het 'n video opgelaai en daarna haar eie lewe geneem. Dit het my só ontstel. Waar was haar ouers? Waar was haar vriende? Ek moes die storie skryf om jongmense en veral ouers en onderwysers te waarsku oor die evolusie van boelies.

Boelies het nou 'n nuwe platform gekry – sosiale media. Dis maklik om nou jou opinie uit die veiligheid van jou huis te gee. En dis nóg makliker om so 'n kuberboelie se kommentaar te *like* en saam te lag. My ma het my een ding geleer: 'n Grap is 'n grap wanneer albei partye lag.

2. Jy het jare gelede die Facebook-groep, die *Lekkerlees Boekrak* gestig. Hoekom het jy besluit om hierdie groep te begin?

Ek het *Lekkerlees Boekrak* in 2007 begin terwyl ek in Taiwan gebly het. Ek het nie meer geweet wat in Afrikaans aangaan en watter boeke beskikbaar was nie. Gou het 'n paar lede (of Rakkers soos ons hulle noem) aangesluit en skielik het my horisonne groter geword. My volgende projek was om met skrywers kontak te maak en te vra dat hulle met hul lesers moet begin praat. Vandag is meer as 90% van Afrikaans se top skrywers op die *Lekkerlees Boekrak*.

Luister en praat

3. Hoe het jou boektoer vir *Vlerke vir Almal* afgeloop?

Die *Vlerke vir Almal*-skrywerstoer was 'n reusesukses. Ek het TV- en radio-onderhoude gehad, koerantmense ontmoet vir koffie en almal was só vriendelik. Een van my hoogtepunte was die skoolbesoeke.

Ek het my eie alma mater, Hoërskool Westonaria, besoek. Ek het een boodskap vir die leerders gehad: "Moenie omdat jy uit 'n klein myndorpie kom, toelaat dat mense vir jou sê jy mag nie groot droom nie. Leef jou drome. Doen wat jy nog altyd wou doen."

(Bron: Aangepas en verkort uit 'n onderhoud op *LitNet*, 28 Junie 2017)

Vrae

1. Wie was Amanda Todd? (1)
2. Wat het met Amanda Todd gebeur? (1)
3. Marion Erskine wou mense waarsku oor die evolusie van die boelie. Wie wou hy waarsku? Noem **twee** groepe. (2)
4. Watter nuwe platform het boelies vandag? (1)
5. Wat het sy ma hom geleer oor 'n grap? (1)
6. Waar het die skrywer gebly toe hy die Facebook-groep, *Lekkerlees Boekrak*, begin het? (1)
7. Waarom wou hy die groep *Lekkerlees Boekrak* begin? (1)
8. Wat word die lede van die *Lekkerlees Boekrak* genoem? (1)
9. Hoeveel van Afrikaans se top skrywers is op *Lekkerlees Boekrak*? (1)
10. Watter tipe onderhoude het Marion Erskine op sy boektoer gehad? (1)
11. Saam met wie het hy koffie gedrink? (1)
12. Waar was die skrywer op skool? (1)
13. In watter tipe dorpie is dié skool? (1)
14. Watter boodskap gee hy vir die leerders van sy alma mater? Gee 3 woorde. (1)

[15]

Moontlike antwoorde

1. 'n Vyftienjarige Kanadese meisie (1)
2. Sy het haar eie lewe geneem. (1)
3. Jongmense, ouers en onderwysers (enige 2) (1)
4. Sosiale media (1)
5. Dis net 'n grap as albei partye lag. (1)
6. In Taiwan (1)
7. Hy het nie meer geweet wat in Afrikaans aangaan / watter boeke beskikbaar is nie. (enige 1) (1)
8. Die Rakkers (1)
9. 90% (1)

10. TV- en radio-onderhoude (1)
11. Koerantmense (1)
12. Hoërskool Westonaria (1)
13. 'n Myndorpie (1)
14. Leef jou drome. (1)

[15]

Luisterbegrip 2 – Graad 11 (Eerste Addisionele Taal)

Au pair, 'n 'middag-ma'

Pols het met 'n paar vroue gesels wat moederrolle vervul

“Die lekkerste deel van *au-pair*-wees, is die liefde wat 'n mens by die kinders kry,” sê Rinnet van der Walt van Randburg.

Sy is sedert 2009 'n *au pair* en is nou besig met die finale jaar van haar onderwysstudies.

“Na skool het ek nie geweet wat ek wil studeer nie. So, toe vat ek 'n oorbruggingsjaar (*gap year*). Ek het as *au pair* begin werk by my vorige wiskunde-onderwyseres. Sy het toe haar derde seuntjie gehad en sy was baie besig,” onthou Rinnet.

Die kinders het in haar hart ingekruip en het haar lewe beïnvloed. “Hulle het my laat beseef dat ek 'n onderwyseres vir klein kinders wil word.”

As *au pair* het sy die volgende take gehad: ek moes sorg dat elke seun, onderskeidelik (*respectively*) 6 jaar, 3 jaar en 3 maande oud, die nodige aandag kry.

“Ek het weer soos 'n kind gevoel, want ek het elke middag net gespeel – van krieket tot Wii en trampolienspring en rugby.”

“Ek is vreeslik lief vir die drie seuns. Hulle het 'n wonderlike ma. Ek het belangrike lesse oor ouerskap by haar en haar man geleer.”

Sy het drie jaar vir die gesin gewerk en gaan kuier nog gereeld vir hulle. “Ek kan my lewe nie sonder hulle indink nie. Daardie drie seuns voel soos my eie kinders!”

Sy het aan die begin van die jaar by 'n nuwe gesin begin werk. Hulle kinders, twee meisies en 'n seun, is onderskeidelik 9, 7 en 4 jaar oud.

“Ek moet die kinders rondry – van swem en tennis tot drama. Nou voel ek byna soos 'n ma wat hulle by die skool kry, saam huiswerk doen en soms moet troos wanneer die dag te lank raak.

Kinders hou van pret; dit weet sy.

“Ek koop soms aan die einde van die week vir hulle 'n roomys. Of ons gaan doen sommer ons huiswerk by 'n koffiewinkel.”

“Dit maak my dag as ek 'n drukkie by een van die kinders kry.”

(Bron: <https://www.netwerk24.com/Ontspan/Au-pair-n-middag-ma-20130506>)

Luister en praat

Vrae

1. Wat is volgens Rinet die lekkerste deel van au-pair-wees? (1)
2. Waar bly Rinet van der Walt? (1)
3. Wat het Rinet ná skool gedoen toe sy nie weet wat sy wil studeer nie? (1)
4. Rinet begin as au pair werk by iemand wat sy ken. Wie is dit? (1)
5. Die kinders laat haar beseef wat sy wil word. Wat is dit? (1)
6. Wat beteken die frase: "Die kinders het in haar hart ingekruip." (1)
7. Watter aktiwiteite het Rinet saam met die drie seuns gedoen? Noem twee. (2)
8. Waarom het Rinet weer soos 'n kind gevoel? (1)
9. Wat het sy by dié wonderlike ma en haar man geleer? (1)
10. Rinet werk nie meer vir dié gesin nie. Hoe weet ons dat sy die gesin steeds sien? (1)
11. Rinet werk nou by 'n nuwe gesin. Na watter buitemuurse aktiwiteite moet sy die kinders neem? Noem twee. (2)
12. Kinders hou van pret.
 - 12.1 Wat koop sy soms aan die einde van die week vir die kinders? (1)
 - 12.2 Waar doen sy en die kinders soms hul huiswerk? (1)

[15]

Moontlike antwoorde

1. Die liefde wat 'n mens by die kinders kry. (1)
2. Randburg (1)
3. Sy het 'n oorbruggingsjaar gevat. (1)
4. Haar (vorige) Wiskunde-onderwyseres (1)
5. 'n Onderwyseres vir klein kinders. (1)
6. Sy is lief vir hulle. (1)
7. Krieket, Wii, trampolienspring en rugby (enige 2) (2)
8. Sy het elke middag net gespeel. (1)
9. Lesse oor ouerskap (1)
10. Sy gaan kuier (nog gereeld) vir hulle. (1)
11. Swem, tennis en drama (enige 2) (2)
- 12.1 Roomys. (1)
- 12.2 By 'n koffiewinkel (1)

[15]

